basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2018**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE (SB) IN DIE 1970's OP SUID-AFRIKANERS GEHAD?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Verduidelik die konsep *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Waarom is Bantu Stephen Biko as 'n 'hoogs gerespekteerde intellektueel' beskou? Gee TWEE redes uit die bron. (2 x 1) (2)

1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dit vir Biko belangrik was om die 'trots' en 'kultuur' van swart Suid-Afrikaners te herstel. (2 x 2) (4)

1.1.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink NUSAS krities oor die apartheidsregering se optrede was. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Identifiseer TWEE vorme van verset wat die studente gedurende die 1970's by die Turfloop Universiteit onderneem het. (2 x 1) (2)

1.2.2 Hoe, volgens die bron, het die volgende mense op Tiro se skorsing gereageer:

(a) Swart akademici (1 x 2) (2)

(b) Studente by die Turfloop Universiteit (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik die impak wat die studente-opstand by die Turfloop Universiteit op SASO gehad het. (2 x 2) (4)

1.2.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink dat hierdie bron bruikbaar sou wees vir 'n historikus wat die rol van SASO navors. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Hoe, volgens die foto, het studente teen Bantoe-onderwys betoog? (1 x 2) (2)

1.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op die woorde op die plakkaat: 'ONS BAKLEI NIE MET JULLE NIE, LAAT NET ONS MEDESTUDENTE VRY' in die konteks van studentebetogings. (2 x 2) (4)

1.4 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C ondersteun ten opsigte van die impak van SASO. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Waarom, volgens die bron, was die Swartbewussynsfilosofie suksesvol? (1 x 2) (2)

1.5.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink baie swart Suid-Afrikaners besluit het om teen die apartheidsregering op te staan. (1 x 2) (2)

1.5.3 Watter TWEE metodes, volgens die bron, het die apartheidsregering gebruik om studenteverset te onderdruk? (2 x 1) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin die impak wat die Swartbewussynsfilosofie in die 1970's op Suid-Afrikaners gehad het, verduidelik word. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE AMNESTIEKOMITEE VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE DOOD VAN BANTU STEPHEN BIKO HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Haal TWEE redes uit die bron aan vir die stigting van die WVK in 1995. (2 x 1) (2)

2.1.2 Definieer die konsep *versoening* in die konteks van die WVK-verhore. (1 x 2) (2)

2.1.3 Lewer kommentaar op Herwitz se bewering dat die samestelling van die WVK 'kwalik gebalanseerd' was. (2 x 2) (4)

2.1.4 Verduidelik waarom jy dink die WVK-verhore 'n belangrike 'simboliese funksie' in Suid-Afrika gedien het. (2 x 2) (4)

2.1.5 Waarom, volgens die inligting in die bron, het meer as eenduisend oortreders amnestie ontvang? (1 x 2) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Wat het daartoe aanleiding gegee dat die veiligheidspolisiemanne van Port Elizabeth om amnestie aansoek gedoen het? (1 x 2) (2)

2.2.2 Noem enige VIER van die veiligheidspolisiemanne in die bron wat voor die Amnestiekomitee van die WVK vir die moord op Bantu Stephen Biko verskyn het. (4 x 1) (4)

2.2.3 Verduidelik waarom jy dink George Bizos besluit het om die amnestieaansoek van die veiligheidspolisiemanne teë te staan. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Waarom, volgens die inligting in die bron, is amnestie vir die moord op Biko aan die vier veiligheidspolisiemanne geweier? (1 x 2) (2)

2.3.2 Lewer kommentaar op waarom jy die inligting in die bron as bruikbaar sou beskou vir navorsing van die amnestieverhore van die WVK. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse ten opsigte van die amnestieverhore van die veiligheidspolisiemanne in Bron 2C ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Verduidelik die boodskappe wat die spotprent oordra. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink die titel van die spotprent 'DIE BIKO-ONDERSOEK – 20 JAAR LATER' is. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Amnestiekomitee van die WVK die dood van Bantu Stephen Biko hanteer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE IS SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF DEUR GLOBALISERING GERAAK?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Noem enige TWEE faktore in die bron wat die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf voor 1994 in staat gestel het om in werking te wees. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat was die uitkomste van die globale handelsamesprekings waaraan Suid-Afrika in 1993 deelgeneem het? (2 x 1) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die vakbonde en Nelson Mandela die plaaslike klere- en tekstielbedryf in 1993 wou beskerm. (2 x 2) (4)

3.1.4 Lewer kommentaar op die impak wat die oopmaak van Suid-Afrika se markte in die 1990's op die klere- en tekstielbedryf gehad het. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Noem TWEE maniere in die bron wat aandui hoe Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf beïnvloed is. (2 x 1) (2)

3.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf as 'uniek' beskou is. (2 x 2) (4)

3.2.3 Wat, volgens Vlok, was die grootste uitdaging waarvoor Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf te staan gekom het? (1 x 2) (2)

3.3 Vergelyk Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A en Bron 3B eenders is ten opsigte van die impak wat globalisering op Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gehad het. (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik Bron 3C.

3.4.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie foto geneem is. (2 x 2) (4)

3.4.2 Lewer kommentaar op wat deur die opskrif: ' 'N NUWE GROEIKOERS/-PAD VIR BEHOORLIKE WERK IN DIE KLERE-, TEKSTIEL-, SKOEN- EN LEERBEDRYF' op die banier geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Verduidelik die term *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.5.2 Haal enige TWEE redes uit die bron aan wat tot die agteruitgang van Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf bygedra het. (2 x 1) (2)

3.5.3 Kies TWEE bewyse uit die bron wat te kenne gee dat die implementering van die CTCP 'n sukses was. (2 x 1) (2)

3.5.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir 'n historikus wat die impak bestudeer wat die Suid-Afrikaanse regering op die klere- en tekstielbedryf gehad het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf deur globalisering geraak is. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Die internasionale anti-apartheidsbeweging het 'n belangrike rol gespeel om die ondergang van die apartheidsregime in die 1980's te verseker.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die geweld wat gedurende die 1990's in verskeie dele van Suid-Afrika uitgebreek het, het amper die geboorte van 'n demokratiese bedeling in 1994 ontspoor.

Bespreek die stelling krities in die konteks van die onderhandelingsproses tussen 1990 en 1994 tussen verskillende politieke organisasies. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormings gedurende die 1980's in die Sowjetunie bygedra het tot politieke veranderings wat na 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2018**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

## VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE (SB) IN DIE 1970's OP SUID-AFRIKANERS GEHAD?

### BRON 1A

Die bron hieronder gee, in breë trekke, die Swartbewussynsfilosofie en hoe dit die stigting van die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) beïnvloed het.

Volgens Bantu Stephen Biko, 'strewe Swart Bewussyn daarna om swart mense die waarde van hul eie standaarde en lewensopvatting te toon. Dit spoor swart mense aan om volgens daardie standaarde selfondersoek te doen en om nie deur die wit gemeenskap, wat hulleself verontskuldig het en wit standaarde die maatstaf gemaak het waarop selfs swart mense mekaar beoordeel, geflous te word nie.'

… As ondersteuner van die Swartbewussynsfilosofie (SB), saam met ander geletterde Afrikane wat in die groot stedelike gebiede gewoon het, het Biko in die 1960's in 'n hoogs gerespekteerde intellektueel ontwikkel. Biko het sy soeke na eie identiteit begin en het gehoop om die trots van swart kultuur, 'n kultuur wat deur die setlaarregering geminag is, op te bou. Biko en sy studentekollegas was ontvanklik vir die politieke idees wat deur baie swart intellektuele uitgedruk is en het geleer om die emosionele mag van die Swartbewussynsboodskap te gebruik.

… Swart universiteitstudente het baie jare lank probeer om deur die veelrassige en liberale Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) vordering te maak. NUSAS, spesifiek, was uitgesproke in hulle kritiek teenoor regeringsoptrede, veral by Engelsprekende universiteite waar hulle lidmaatskap sterk was.

Jong swart studente is deur Biko se ideologie geïnspireer en wou 'n eksklusief swart beweging tot stand bring. Swart studente het in 1969 'n studente-unie slegs vir swart studente, die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO), met Biko as president, bekendgestel.

[Uit http:// www.sahistory.org.za/topic/defining-black-consciousness.
Toegang op 8 Februarie 2018 verkry.]

**BRON 1B**

Die resensie hieronder is van 'n toespraak wat deur Anne Heffernen van Onkgopotse Tiro (lid van SASO) in 1972 by die Turfloop Universiteit gelewer is. Dit fokus op hoe lede van SASO oor Bantoe-onderwys gevoel het.


… Turfloop was teen die vroeë 1970's 'n broeines (middelpunt) van aktivisme as gevolg van SASO se organisasie op kampus. Boikotte en protesoptogte het 'n gereelde kenmerk van die studentelewe geword. Die landelike kampus het in 1972 nasionale aandag gekry. Onkgopotse Tiro, 'n SASO-lid en voormalige president van die VSR, het by die universiteit se gradeplegtigheid daardie jaar 'n vurige toespraak gelewer waarin hy Bantoe-onderwys en die implementering daarvan by Turfloop veroordeel het. Tiro het die feit aangepak dat 'n sogenaamde swart universiteit deur wit leierskap beheer is, dat wit maatskappye kontrakte gekry het om voorraad aan die kampus te lewer, en dat die wit hoogwaardigheidsbekleërs swart ouers, wat gekom het om te sien hoe hul kinders graad kry, se sitplekke ingeneem het.

Die toespraak het omstredenheid by Turfloop en verder veroorsaak. Die raad van die universiteit, wat heeltemal wit was, het Tiro geskors. Swart akademiese personeel het in verset uit die vergadering gestap waar die besluit aangekondig is. In reaksie op Tiro se uitsetting, het Turfloop-studente klasse geboikot totdat administrateurs die universiteit gesluit het en al die studente huis toe gestuur het. Intussen het studente op ander swart kampusse deur die hele land aan betogings en boikotte deelgeneem. SASO het sy nasionale bande tussen kampusse deur hierdie proses versterk.

[Uit http://aidc.org/turfloop-soweto-back-dialectic-1976/. Toegang op 9 Februarie 2018 verkry.

**BRON 1C**

Die foto hieronder toon studente wat marsjeer en die vrylating verlang van medestudente, wat deur die apartheidsregime in hegtenis geneem is.




[Uit https://image.101.co.za. Toegang op 10 Februarie 2018 verkry.]

**ONS BAKLEI NIE MET JULLE NIE,**
**LAAT NET ONS MEDESTUDENTE VRY**

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder is 'n antwoord deur Bantu Stephen Biko oor die sukses van die Swartbewussynsfilosofie.

Ons was suksesvol in die opsig dat ons die element van vrees in die denke van swart mense verminder het. Swart mense was in die 1960's vreeslik bang om by die politiek betrokke te raak. Die universiteite het nie juis nuttige leierskap vir swart mense opgelewer nie, want almal het dit meer gemaklik gevind om hulleself aan 'n spesifieke professie oor te gee om geld te maak. Maar sedertdien het swart studente begin om hulle hoofsaaklik vir leierskapsrolle in die verskillende fasette van die swart gemeenskap voor te berei. Deur ons politieke uitdrukking van swart mense se aspirasies het baie swart mense die behoefte om teen die stelsel op te staan en saam te werk, begin waardeer.

Daar is nou baie meer politieke gesprekke, baie meer politieke debat en baie meer veroordeling van die stelsel by gewone swart mense as ooit tevore. Ek verwys hier na die hele onderdrukkende onderwysstelsel waaroor die studente praat. Nadat daaroor gekla is, wil die apartheidsregering dit waaroor die studente in verset is, nog verder verskans deur die polisie en Saracens (pantservoertuie) en honde in te bring.

Die reaksie van die studente was dus ten opsigte van hulle trots. Hulle was nie bereid om te kalmeer nie, nie eens met 'n geweer op hulle gerig nie. Dus het gebeur wat moes gebeur. Sommige mense is doodgemaak. Hierdie opstande het net aangehou en aangehou.

[Uit *I Write What I Like*: STEVE BIKO deur A Stubbs red.]

**VRAAG 2: HOE HET DIE AMNESTIEKOMITEE VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE DOOD VAN BANTU STEPHEN BIKO HANTEER?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder fokus op die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) is in 1995 gestig om menseregteskendings sedert 1960 te ondersoek en om amnestie toe te staan aan die oortreders wat volle onthullings gedoen het. Die kommissie moes ook versoening en eenheid onder Suid-Afrikaners bevorder. In ruil vir 'n volle bekentenis oor 'n polities gemotiveerde misdaad, het die WVK diegene wat na vore sou kom, amnestie belowe. Die vyf voormalige veiligheidsbeamptes wat Steven Biko op 6 September 1977 ondervra het, het in 1997 by die WVK om amnestie aansoek gedoen. Die WVK se mandaat was om onpartydig te wees, maar sy samestelling was kwalik gebalanseerd. Die voorsitter, Aartsbiskop Desmond Tutu, was 'n beskermheer (lid) van die United Democratic Front, die ANC se interne front sedert die vroeë 1980's …

Die WVK was op daardie stadium die eerste herstellende geregtigheidsproses van sy soort om openbare verhore te hou en om ruimte aan oorlewendes te gee om hulle stories in hulle eie woorde te vertel. Hierdie verhore het 'n belangrike simboliese funksie gedien in 'n land waar die regeringstelsel gegrond was op die ontkenning en die stilmaak van veral swart stemme.

Die kommissie het altesaam 21 300 verklarings van slagoffers ontvang en 38 000 growwe menseregteskendings aangeteken. Meer as eenduisend oortreders het amnestie ontvang na volle onthulling. Die kommissie het eerder op die oortreder of die slagoffer gefokus as om op die konteks van 'n daad te konsentreer, met die gevolg dat die konteks in die meeste gevalle maar swak geskets (ondersoek) is. Die kruisverhoor van slagoffers is nie in die slagofferverhore toegelaat nie, maar hoorsê-getuienis wel.

[Uit *Race and Reconciliation* deur D Herwitz]

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder is 'n gedeelte uit 'n verklaring wat die Waarheids-en-Versoeningskommissie uitgereik het. Dit fokus op die amnestieaansoek deur die vyf veiligheidspolisiemanne wat vir die dood van Bantu Stephen Biko verantwoordelik was.

'n Groep berugte (wrede) veiligheidspolisiemanne van die streekshoofkantoor in Port Elizabeth het in Januarie 1997 vir 'n reeks moorde in die Oos-Kaap om amnestie aansoek gedoen. Hulle name het vir baie jare vrees in die townships ingeboesem soos wat hulle rondgegaan het en ongestraf (sonder goedkeuring) opgetree het. Hulle enigste hoop om nou vervolging te vermy was om voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie te getuig.

Hulle beroemdste slagoffer was Bantu Stephen Biko, 'n dinamiese jong leier uit die Oos-Kaap wie se kort lewe 'n diepgaande impak op swart politiek en denke gehad het en wie se eensame dood as 'n permanente monument van polisiebrutaliteit sou bly staan.

Die dood van Biko is twintig jaar later by 'n WVK-amnestieverhoor getoets. Vyf lede van die ondervragingspan was teenwoordig: Majoor Harold Snyman, Kaptein Daniel Siebert, Adjudant-offisier Johan Beneke, Adjudant-offisier Rubin Marx en Speursersant Gideon Nieuwoudt.

Die vyf polisiemanne het om amnestie vir strafbare manslag aansoek gedoen. George Bizos, wat vir die Biko-familie opgetree het, het die amnestie teengestaan. 'Die aansoekers,' het hy gesê, 'het nie 'n volle onthulling gedoen van wat gebeur het nie. Bewerings wat by die geregtelike ondersoek gemaak is, is slegs aangepas om konkrete bewyse weg te redeneer wat nie by die vals bewyse, wat by die geregtelike ondersoek gemaak is, gepas het nie. Hulle het ook nie 'n politieke motief gehad toe hulle Biko noodlottig beseer het nie. Om hulpelose aangehoudenes tot die dood te martel met die doel om inligting uit hulle te kry, is nie 'n politieke doelwit nie.'

[Uit http://www.justice.gov.za/trc/media/pr/1999/p990216a.htm. Toegang op 9 Desember 2017 verkry.]

**BRON 2C**

Hierdie bron fokus op waarom amnestie nie aan vier veiligheidspolisiemanne, wat verantwoordelik was vir die dood van Bantu Stephen Biko, toegestaan is nie.

**AMNESTIEBESLUIT OOR DIE DOOD VAN STEVE BIKO**

Vier voormalige beamptes van die veiligheidsafdeling in Port Elizabeth, wat in September 1997 aansoek gedoen het om amnestie vir die moord op die swart bewussynsleier, Bantu Stephen Biko, is vandeesweek amnestie deur die Amnestiekomitee van die WVK geweier en hulle aansoeke is verwerp.

Die vier beamptes wat Biko ondervra het, is Daniel Siebert, Adjudant-offisier Johan Beneke, Adjudant-offisier Rubin Marx en Harold Snyman. Hul medepligtige en vyfde aansoeker, Gideon Johannes Nieuwoudt, wie se aansoek deur 'n ander amnestiepaneel aangehoor is, is in Desember verlede jaar amnestie geweier.

In die weiering van amnestie aan die vier aansoekers het die komitee sy besluit op die volgende redes gegrond:

1. Die dood van Biko was nie 'n daad wat verband hou met 'n politieke doelwit soos deur die Amnestie-wet vereis word nie.

2. Die komitee was nie tevrede dat die aansoekers 'n volledige onthulling gedoen het soos verder deur die Wet vereis word nie.


3. Dit was nie oortuig dat die aansoekers ware getuienis gelewer het oor die gebeure wat tot die besering van Biko gelei het nie.

4. Ten slotte het die komitee gesê dat dit oortuig was dat die dood van Biko geheel en al buite verhouding was met enige moontlike doelwit wat die aansoekers nagestreef het.

[Uit http://www.justice.gov.za/trc/media/pr/1999/p990216a.htm. Toegang op 28 November 2017 verkry.]

**BRON 2D**

Die spotprent hieronder, deur Stidy, beeld die 20ste herdenking van die dood van die Swartbewussynsleier, Bantu Stephen Biko, uit. Dit het in *Over The Rainbow – The First 10 Years of South Africa's Democracy in Cartoons* verskyn en is op 12 September 1997 geteken.




[Uit *Over The Rainbow – The First 10 Years of South Africa's Democracy in Cartoons* deur A Stidolph]

**ADVOKAAT GEORGE BIZOS**

AFRIKAANSE VERTALING VAN DIE OPSKRIF:

DIE BIKO-ONDERSOEK – 20 JAAR LATER

**VRAAG 3: HOE IS SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF DEUR GLOBALISERING GERAAK?**

**BRON 3A**

Die artikel hieronder fokus op die impak wat handelliberalisering op die klere- en tekstielbedryf in Suid-Afrika gehad het. Dit is vir *The Journalist* geskryf deur die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, E Patel.

Voor die oorgang na demokrasie het die klere- en tekstielbedryf rofweg 250 000 werkers in diens gehad. Dit is ondersteun deur baie hoë tariewe wat buitelandse goedere uitgehou het, baie lae lone wat koste laag gehou het en beduidende finansiële subsidies wat besighede aan die lewe gehou het, veral in die ou tuislandgebiede … wat nie vanaf die middel 1980's en verder volhoubaar was nie.

Suid-Afrika het in 1993, op die vooraand van die nuwe demokrasie, deelgeneem aan samesprekings oor 'n nuwe globale handelstransaksie wat gemik was op die instel van laer tariewe en die oopmaak van markte regoor die wêreld. Suid-Afrika is deur die uitgaande regering verteenwoordig, wat min in langtermynontwikkeling belang gestel het en wat aangebied het om beskerming van die plaaslike bedryf dramaties te sny. Alhoewel die vakbonde, met die ondersteuning van Nelson Mandela (voordat hy president van die land geword het), probeer het om dit om te keer, was hulle slegs gedeeltelik suksesvol.

Die gevolg was dat die beskerming van die klere- en tekstielbedryf oor die eerste dekade van demokrasie elke jaar van 'n hoë 100% tot 40% in 2002 verlaag is. China het terselfdertyd 'n massiewe, baie mededingende klerebedryf, wat op uitvoere na ander dele van die wêreld gerig was, opgebou. Die gevolg was dat plaaslik vervaardigde klere toenemend met ingevoerde goedere, hoofsaaklik uit China, vervang is.

Soos wat invoere in die laat 1990's Suid-Afrika binnegestroom het, het dit tot 'n enorme verlies aan werksgeleenthede en die sluiting van fabrieke gelei. Die effek van die opening van ons markte so vinnig en so wyd soos dit, was verwoestend.

[Uit http://www.thejournalist.org.za/spotlight/unravelling-the-fabric-of-the-industry-south-africas-clothing-and-textile-business. Toegang op 20 Januarie 2018 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 3B**

Die bron hieronder is 'n gedeelte uit 'n transkripsie van 'n onderhoud wat E Vlok, die Direkteur van Navorsing, Suidelike Afrika Klere- en Tekstielwerkersunie, op 6 April 2017 op *Cape Talk Radio* gedoen het. Dit gee in breë trekke die impak van globalisering op die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf.

**SUID-AFRIKAANSE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF DAAL VAN 200 000 TOT 19 000 POSTE**
**6 April 2017, 15:55: *CAPE TALK***

Ettienne Vlok, Direkteur van Navorsing by die Suidelike Afrika Klere- en Tekstielwerkersunie, het met Azania Mosaka oor die uitdagings wat die tekstielbedryf in die gesig staar, gepraat.

Vlok sê dat die impak van goedkoop invoerprodukte op die plaaslike klerebedryf 'n aansienlike daling in die aantal mense wat in diens is, veroorsaak het.

'Ons het ongeveer 15 jaar gelede amper 200 000 mense in die klere- en tekstielbedryf gehad en ons is nou sowat 19 000. Behalwe vir die statistiek beteken dit dat baie mense afgelê is en dat baie fabrieke gesluit het.'

Vlok voeg by dat hierdie syfers tot die hoë getalle van werkloosheid en ongelykhede in Suid-Afrika bygedra het. Hy sê die bedryf is op talle maniere uniek. Een daarvan is dat in vergelyking met ander vervaardigingsektore, vier uit elke vyf werkers vroue is. Dit het 'n groot invloed op die uitroei van armoede in werkersklasgemeenskappe gehad.

'As ons hierdie bedryf laat groei, kan ons tot geslagsgelykheid bydra.' Vlok pak ook die potensiaal van groot klere- en tekstielmiddelpunte in landelike gebiede aan wat in staat sal wees om werk te skep. Hy sê nog 'n groot uitdaging is die onvermoë om met lande soos China mee te ding, wat maniere (lae produksiekoste) gebruik om hul produkte baie goedkoper te maak.

[Uit http://www.702.co.za/articles/251378/sa-clothing-and -textile-industry-drops-from-200-000-to-19-000-jobs-researcher. Toegang op 20 Januarie 2018 verkry.]

**BRON 3C**

Die foto hieronder, deur K Mogale, het op die webblog van *Eye Witness News* verskyn. Dit toon lede van die Congress of South African Trade Unions (COSATU) en die South African Clothing and Textile Workers Union (SACTWU) wat op 7 Oktober 2017 in Kaapstad marsjeer.




[Uit http://ewn.co.za/2015/10/07/Cosatu-marches-underway-in-CT-and-JHB. Toegang op 20 Januarie 2018 verkry.]

**'N NUWE GROEIKOERS/-PAD VIR BEHOORLIKE WERK IN DIE KLERE-, TEKSTIEL-, SKOEN- EN LEERBEDRYF**

| | |
|---|---|
| **South African Clothing and Textile Workers Union (SACTWU)** | **Congress of South African Trade Unions (COSATU)** |

**BRON 3D**

Hierdie artikel fokus op die maatreëls wat die Suid-Afrikaanse regering ingestel het om 'n ommekeer in die klere- en tekstielbedryf te bring. Dit het op 11 Oktober 2017 in die *City Press* verskyn.

Die Minister in die Presidensie vir Beplanning, Monitering en Evaluering, Jeff Radebe, het die tekstiel- en klerebedryf as een van die sektore beklemtoon waar die ekonomie die doeltreffendste versterk kon word.

Dit is 'n wonderbaarlike ommekeer, veral in die lig van beleggingsverlagings en ekonomiese en sosiopolitieke onstabiliteit. Die klere- en tekstielbedryf was een van die wat die swaarste deur globalisering en toenemende mededinging na die opening van Suid-Afrika se grense vir globale markte na 1994 getref is.

As gevolg van hoë invoerbelasting en die verhoging van onwettige invoer en goedkoop tekstiele uit China, Pakistan en elders, tesame met onvoldoende belegging, het die bedryf agteruit gegaan.

Gelukkig is 'n aantal bewustelike ingrypings geïmplementeer wat gehelp het om dinge om te keer.

Die Departement van Handel en Nywerheid (DTI) het 'n landswye kleding- en tekstiel-mededingingsprogram ('CTCP') ontwikkel, waarvan die breër doelwit is 'om die bedryf by te staan met die opgradering van prosesse, produkte en mense om dit so te herposisioneer dat dit effektief kan meeding met ander lae-koste produserende lande ...'

Trouens, die Suid-Afrika-konferensie (oor klere en tekstiele) het aan die lig gebring dat die CTCP sowat 12 000 werksgeleenthede geskep het en meer as 400 maatskappye bygestaan het.

Volgens Ebrahim Patel het plaaslike verkope van klere, tekstiele, skoene en leer van ongeveer R41,8bn in 2010 tot meer as R50bn in 2015 gestyg; 'n styging van 21% oor vyf jaar.

[Uit https://www.fin24.com/Opinion/the-great-textile-turnaround-20171011.
Toegang op 20 Januarie 2018 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Herwitz D. 2003. *Race and Reconciliation* (University of Minnesota Press)

http://aidc.org/turfloop-soweto-back-dialectic-1976/

http://ewn.co.za/2015/10/07/Cosatu-marches-underway-in-CT-and-JHB

http://www.justice.gov.za/trc/media/pr/1999/p990216a.htm

http:// www.sahistory.org.za/topic/defining-black-consciousness

http://www.thejournalist.org.za/spotlight/unravelling-the-fabric-of-the-industry-south-africas-clothing-and-textile-business

http://www.702.co.za/articles/251378/sa-clothing-and -textile-industry-drops-from-200-000-to-19-000-jobs-researcher

https://image.101.co.za

https://www.fin24.com/Opinion/the-great-textile-turnaround-20171011

Stidolph A. 2003. *Over The Rainbow – The First 10 years of South Africa's Democracy In Cartoons* (Pietermaritzburg)

Stubbs A. (red.) 2004. *I Write What I Like*: STEVE BIKO (Picador Africa)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS V2**

**2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| VLAK 2 | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40% (20)** |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . ________________________
__________________________________________ . ________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van ŉ opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie
  ^
- Verkeerde stelling __________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE (SB) IN DIE 1970's OP SUID-AFRIKANERS GEHAD?

1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 1A - V1]*

- 'n Filosofie wat selfvertroue/selfgelding en trots onder swart Suid-Afrikaners bevorder het
- 'n Filosofie wat deur Steve Biko ondersteun is en dit gestel het dat swart Suid-Afrikaners onafhanklik moes wees van ander rasse
- 'n Filosofie wat gelykheid en geregtigheid aangemoedig het
- 'n Filosofie wat verkondig het dat swart mense hulself moet bevry van die juk van diskriminasie en onderdrukking
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'Biko het sy soeke na eie identiteit begin'
- 'Gehoop om trots van swart kultuur op te bou'
- 'Ontvanklik vir politieke idees' (enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Wit Suid-Afrikaners was oneerbiedig teenoor swart trots en kultuur /het dit ondermyn
- Swart Suid-Afrikaners is gedurende kolonisasie geleer om minderwaardig te voel
- Om hulle regmatige posisie in die samelewing terug te eis
- Om die gevoel van meerderwaardigheid onder swart Suid-Afrikaners in te prent
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Die apartheidsregering het swart Suid-Afrikaners sleg behandel/geklassifiseer as tweede klas burgers
- Die apartheidsregering het teen swart Suid-Afrikaners gediskrimineer
- Baie swart Suid-Afrikaanse studente is verban
- Baie swart Suid-Afrikaanse studente het nie 'n sê gehad by universiteite nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Boikotte'
- 'Protesoptogte' (2 x 1) (2)

1.2.2 *[ Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

(a) 'Swart akademiese personeel het in verset uit die vergadering gestap' (1 x 2)

(b) 'Turfloop studente het klasse geboikot' (1 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Meer universiteitstudente het by SASO aangesluit
- SASO het 'n sê gehad wat invloedryk geword het
- Die universiteitsowerhede moes aandag gee aan die besorgdheid/ bekommernisse/versoeke
- SASO het swart Suid-Afrikaanse studente gehelp om hulle siening oor politieke regte in die land openbaar te maak
- SASO het sy nasionale skakels tussen universiteite versterk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat***:*
- Dit eerstehandse inligting gee (terugblik op Tiro)
- Dit inligting gee oor hoe studente gereageer het op Tiro se skorsing
- Dit 'n akademikus se reaksie verskaf op Tiro se skorsing
- Dit vir ons die optrede van die universiteitsadministrateurs by die universiteit toon
- Dit toon hoe die optrede by Turfloop ander universiteite beïnvloed het
- Dit toon die impak van SBB/SASO se ideologie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Die studente het gemarsjeer/geprotesteer/ toyi-toyi
- Die studente het plakkate gedra
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Die studente het nie teen die owerhede/apartheidsregering geveg nie
- Die studente versoek die vrylating van hulle medestudente
- Daar is 'n stemtoon van bekommernis oor hulle medestudente/toon solidariteit met medestudente
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1B en 1C – V3]*
- Bron 1B beklemtoon dat boikotte en protesoptogte 'n gereelde kenmerk van die studentelewe geword het en Bron 1C toon studente wat in solidariteit betoog vir die vrylating van medestudente (Albei bronne beklemtoon studente optogte)
- Bron 1B beklemtoon dat studente in ander Suid-Afrikaanse universiteite deelgeneem het aan betogings en boikotte en Bron 1C toon studente wat protesteer vir die vrylating van medestudente (Albei bronne toon universiteitstudente wat vir die vrylating van hulle medestudente betoog)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Dat ons die element van vrees in die gedagtes van swartmense verminder het' (1 x 2) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Die apartheidsregime was wreed teenoor swart Suid-Afrikaners
- Swart Suid-Afrikaners is deur die apartheidsregime onderdruk
- Swart Suid-Afrikaners is deur die apartheidsregime geleer om minderwaardig te voel
- Die apartheidsregime het nie swart leierskap by universiteite bevorder nie
- Swart Suid-Afrikaners is beïnvloed deur die Swartbewussynsfilosofie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Polisie'
- 'Saracens (pantservoertuie)'
- 'Honde' (enige 2 x 1) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit*:*

- Die doelwitte van die Swartbewussynsfilosofie (SB) het swart Suid-Afrikaanse studente aangemoedig om in hulle eie waarde en kultuur te glo (Bron 1A)
- Die Swartbewussynsfilosofie het swart studente aangemoedig om selfstandig/selfbewus/onafhanklik te wees (Bron 1A)
- Swartbewussyn het beoog om die swart kultuur wat voorheen deur wit Suid-Afrikaners vernietig is te herstel (Bron 1A)
- NUSAS is gebruik om ten behoewe van swart Suid-Afrikaanse studente te praat (Bron 1A)
- Baie swart Suid-Afrikaanse studente het gevoel dat NUSAS nie genoeg vir hulle gedoen het nie en daarom SASO gestig het (eie kennis)
- SASO het die organisasie geword wat aktief op die Turfloop kampus was – duidelik in Tiro se opswepende toespraak (Bron 1B)
- Die studente het protesoptogte by ander Suid-Afrikaanse universiteitskampusse onderneem (Bron 1B)
- Die Rektor is gedwing om Turfloop Universiteit te sluit (Bron 1C)
- As gevolg van SB het baie swart Suid-Afrikaanse studente op leierskapsrolle in die gemeenskap gefokus (Bron 1D)
- Die apartheidsregering het met die polisie, pantservoertuie en honde gereageer (Bron 1D)
- Die studente het vreesloos opgetree en nie van hulle versoeke afgewyk nie (Bron 1D)
- Baie leerders was bereid om vir hierdie saak te sterf (eie kennis)
- Die studente was nie bang om die apartheidsregime uit te daag nie (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om die impak wat die Swartbewussynsfilosofie in die 1970's op Suid-Afrikaners gehad het, te verduidelik nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om die impak wat die Swartbewussynsfilosofie in die 1970's op Suid-Afrikaners gehad het, te verduidelik.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip om die impak wat die Swartbewussynsfilosofie in die 1970's op Suid-Afrikaners gehad het, te verduidelik.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE AMNESTIEKOMITEE VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE DOOD VAN BANTU STEPHEN BIKO HANTEER?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- 'Om menseregteskendings sedert 1960 te ondersoek'
- 'Om amnestie toe te staan aan daardie oortreders wat 'n volle onthulling gedoen het'
- 'Die kommissie moes ook versoening en eenheid onder Suid-Afrikaners bevorder' (enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 2A - V1]*
- Om slagoffers en oortreders bymekaar te bring
- Om die waarheid vas te stel om sodoende vergifnis te bevorder en om genesing van politieke misdade wat na 1960 gepleeg is, teweeg te bring
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Die voorsitter van die WVK, Aartsbiskop Desmond Tutu, was 'n beskermheer van die United Democratic Front, die ANC se interne front
- Die meeste ander lede van die kommissie was verbonde aan politieke partye
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
Die WVK:
- Het op die oortreder of slagoffer van politieke misdade wat vanaf 1960 tot 1994 gepleeg is, gefokus
- Was die eerste herstellende geregtigheidsproses in Suid-Afrika
- Het ruimte gegee aan oorlewendes om hulle stories te vertel
- Het 'n forum aan oortreders voorsien om die slagoffers en hulle families te ontmoet/om afsluiting te kry
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- 'Na volle onthulling' (1 x 2) (2)

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Vir 'n reeks moorde'
- 'Om vervolging te vermy' (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Majoor Harold Snyman
- Kaptein Daniel Siebert
- Adjudantoffisier Johan Beneke
- Adjudantoffisier Rubin Marx
- Speur-sersant Gideon Nieuwoudt (enige 4 x 1) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Die aansoekers het nie 'n volle onthulling gemaak nie/hulle het vermy om die waarheid te praat/hulle het gelieg oor hoe Biko vermoor is
- Die aansoekers het hulle verklaring aangepas/verander
- Hulle het vals getuienis gelewer
- Hulle het nie 'n politieke motief gehad nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Die dood van Biko was nie 'n daad wat verband gehou het met 'n politieke doelwit soos vereis deur die Amnestie-wet nie'
- 'Die komitee was nie tevrede dat die aansoekers 'n volledige onthulling gemaak het soos verder deur die Wet vereis is nie'
- 'Dit was nie oortuig dat die aansoekers die waarheid getuig het van die gebeure wat tot die besering van Biko gelei het nie'
- 'Ten slotte het die komitee gesê dit was oortuig dat die dood van Biko geheel en al buite verhouding was teenoor enige moontlike doelwit wat die aansoekers nagestreef het' (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 2C – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Die vertel in breë trekke waarom die amnestieaansoek van die veiligheidspolisiemanne geweier is
- Dit gee die name van die veiligheidspolisiemanne wat aansoek gedoen het vir amnestie vir die moord op Biko
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2B en 2C - V3]*
- Albei bronne fokus op die amnestieaansoek van die veiligheidspolisiemanne
- Albei bronne noem die name van die aansoekers
- Albei bronne skets waarom amnestie nie aan die oortreders toegestaan is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*
- Dit toon hoe Bizos al in die rondte loop wat impliseer dat hy nie die waarheid kan vind nie/moeilik om te vind (voetspore en vergrootglas)
- Dit toon Bizos wat soos 'n speurder optree wat probeer om die waarheid te soek oor hoe Biko doodgemaak is (vergrootglas)
- Dit toon Bizos wat probeer om die bodem van Biko se dood te bereik (voetspore)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*
- Die spotprenttekenaar wil beklemtoon dat die ondersoek oor Biko se dood nog nie gefinaliseer is nie
- Die spotprenttekenaar wil toon dat die WVK vir bewyse gesoek het/ antwoorde oor Biko se dood
- Die ondersoekspan kon nie die saak sluit nie omdat die oortreders nie die omstandighede rondom Biko se dood ten volle onthul het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die WVK is gestig om amnestie toe te staan aan daardie oortreders wat 'n volle onthulling gedoen het oor politieke misdade wat gepleeg is (Bron 2A)
- Die WVK het 'n platform vir oortreders voorsien om hulle stories te vertel (Bron 2A)
- Die WVK het op die oortreder en nie die slagoffer gefokus nie (Bron 2A)
- Vier veiligheidspolisiemanne het in 1997 om amnestie aansoek gedoen vir die moord op Biko (Bron 2B)
- Bizos het ten behoewe van die Biko familie opgetree en hy het die amnestieaansoek wat deur die oortreders voorgelê is, teëgestaan (Bron 2B)
- Die rede vir sy teenstand teen amnestie was dat die aansoekers nie 'n volle onthulling gedoen het oor die misdaad nie (Bron 2B)
- Daar is beweer dat die aansoekers met die bewyse gepeuter het (Bron 2B)
- Die WVK het geweier om amnestie aan die aansoekers toe te staan omdat hulle nie 'n volle onthulling gemaak het nie (Bron 2C)
- Die ondersoek na Biko se dood het vir jare aangehou sonder 'n beslissing (Bron 2D)
- Die Biko-familie het vertroue verloor in die WVK omdat die WVK so lank geneem het om die saak op te los (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe die Amnestiekomitee van die WVK die dood van Bantu Stephen Biko hanteer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om te verduidelik hoe die Amnestiekomitee van die WVK die dood van Bantu Stephen Biko hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip om te verduidelik hoe die Amnestiekomitee van die WVK die dood van Bantu Stephen Biko hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE IS SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF DEUR GLOBALISERING GERAAK?**

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Hoë tariewe wat buitelandse goedere weggehou het'
- 'Lae lone wat koste laag gehou het'
- 'Finansiële subsidies wat besighede aan die lewe gehou het' (enige 2 x 1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Laer tariewe'
- 'Markte regoor die wêreld te open' (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- Hulle wou voorkom dat goedkoop klere- en tekstielprodukte die Suid-Afrikaanse mark oorstroom
- Hulle wou voorkom dat klere- en tekstielfabrieke sluit
- Hulle wou werksverliese in die klere- en tekstielsektor voorkom
- Hulle wou die klere- en tekstielsektor beskerm teen buitelandse kompetisie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- Plaaslik vervaardigde klere- en tekstiel is met invoere van China vervang
- Klere- en tekstielinvoere uit China het in die laat 1990's Suid-Afrika ingestroom
- Klere- en tekstielinvoere uit China het gelei tot die vernietiging van werk in Suid-Afrikaanse fabrieke
- Klere- en tekstielinvoere het gelei tot die sluiting van talle fabrieke regoor Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B - V1]*
- ''n Aansienlike daling in die aantal mense wat in diens geneem is'
- 'Omtrent 15 jaar gelede het ons ongeveer 200 000 mense in die klere- en tekstielbedryf gehad en ons is nou sowat 19 000'
- 'Baie mense afgedank is'
- 'Fabrieke gesluit is' (enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Vier uit elke vyf werkers is vrouens
- Indiensneming van vrouens het gelei tot uitwissing van armoede
- Die indiensneming van vrouens sal bydra tot geslagsgelykheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B - V1]*
- ‘Die onvermoë om met lande soos China mee te ding, wat lae produksiekoste gebruik om hul produkte baie goedkoper te maak'

(enige 1 x 2) (2)

3.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3A en 3B – V3]*
- Albei bronne toon hoe goedkoop invoere uit China gelei het tot werksverliese in die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf
- Albei bronne toon hoe goedkoop invoere uit China gelei het tot die sluiting van die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf
- Albei bronne toon hoe goedkoop invoere uit China bygedra het tot hoë werkloosheid in Suid-Afrika
- Albei bronne toon dat die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielprodusente nie met hulle Chinese eweknieë kon kompeteer nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Om lede van SATCWU en COSATU te toon wat 'n protesaksie onderneem teen werksverliese in die klere- en tekstielbedryf
- Om te toon dat die protesaksie goed ondersteun is deur lede van SATCWU en COSATU
- Om die versoeke van beide SATCWU en COSATU te toon
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Werkers het 'groei' vereis in die opsig van meer werksgeleenthede en 'n toename in lone
- Werkers in die klere- en tekstielbedryf het beter werksomstandighede geëis
- Werkers in die klere- en tekstielbedryf het werksekuriteit vereis
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 3D - V1]*
- Globalisering word gewoonweg gedefinieer as die proses waardeur die wêreld meer geïntegreerd en gekonnekteer is deur, byvoorbeeld, die gebruik van tegnologie
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.5.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3D - V1]
- 'Hoë invoerbelasting'
- 'Verhoging van onwettige invoer'
- 'Goedkoop tekstiele uit China en Pakistan'
- 'Onvoldoende belegging' (enige 2 x 1) (2)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D - V1]*
- 'CTCP het sowat 12 000 werksgeleenthede geskep'
- 'CTCP het meer as 400 maatskappye bygestaan' (2 x 1) (2)

3.5.4 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 3D – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit die poging van die regering om die plaaslike klere- en tekstielbedryf te verbeter om sodoende die uitdagings van die werkloosheid in die klere- en tekstielbedryf aan te spreek, toon
- Dit nuwe insig gee op die pogings wat deur die regering aangewend is om die probleem in die klere- en tekstielbedryf aan te spreek
- Dit beklemtoon hoe die regering die klere- en tekstielbedryf verander het deur toenemende werksgeleenthede
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf is voor demokrasie deur tariewe en hoë invoerbelasting beskerm (Bron 3A)
- Gedurende die 1990's het Suid-Afrika deelgeneem in globale handelsooreenkomste wat laer tariewe ingestel het en sy klere- en tekstielmarkte geopen het (Bron 3A)
- Beskerming vir die klere- en tekstielbedryf is verlaag (Bron 3A)
- Plaaslik vervaardigde klere- en tekstiel is vervang met goedkoper invoer uit China (Bron 3A)
- Goedkoper invoere uit China lei tot werksverliese en die sluiting van Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf (Bron 3B)
- Dit lei tot verhoogde indiensneming onder werkers in Suid-Afrika want vier uit vyf werkers in klerefabrieke is vrouens (Bron 3B)
- SACTWU het besluit om protesaksies te onderneem teen eienaars om bewustheid te skep met betrekking tot werksverliese in die klere- en tekstielbedryf (Bron 3C)
- SACTWU vereis beter werksomstandighede en werksekuriteit (Bron 3C)
- Die regering het ingegryp in die klere- en tekstielbedryf in 'n poging om meer werksgeleenthede in hierdie sektor te skep (Bron 3D)
- Die regering se ingryping in die klere- en tekstielbedryf was relatief suksesvol omdat werksgeleenthede bietjie verbeter het (Bron 3D)
- 'n Kortpad-tariefprogram, handelsooreenkomste gesluit in Suider-Afrika Ontwikkelingsgemeenskapslande, onwettige invoere en ophoping het veroorsaak dat die klere- en tekstielbedryf gesluit is (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf deur globalisering geraak is nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om te verduidelik hoe Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf deur globalisering geraak is.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip om te verduidelik hoe Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf deur globalisering geraak is.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie. Indien hulle saamstem met die stelling moet hulle verduidelik hoe internasionale anti-apartheidsbewegings bygedra het tot die val van die apartheidsregime in die 1980s. Indien hulle nie saamstem met die stelling nie moet hulle hul antwoord ondersteun met relevante historiese bewyse.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en fokus op hoe internasionale anti-apartheidsbewegings bygedra het tot die val van die apartheidsregime in die 1980s.

UITBREIDING
- Redes vir die stigting van die Anti-Apartheidsbeweging (AAM) en die Ierse Anti-Apartheidsbeweging (IAAM) in die 1970's (Kort agtergrond)
- In die1980's het die International Defence and Aid Fund (IDAF) fondse beskikbaar gestel vir noodtoestand inhegtenisnemings / smokkel R200 miljoen na Suid-Afrika / skep 'n netwerk van donateurs wat die vrylating van politieke gevangenes befonds het / Vanaf Januarie 1985 het IDAF 16 551 regsake (bv. detensies, gewone wetsvervolgings van straat-aktiviste) befonds
- **Sportboikotte:** In 1981 het New Zeeland teen die 'rassistiese' Springboktoer geprotesteer/ die Suid-Afrikaanse Sportraad (SACOS) het politieke skakels met die UDF en COSATU tot stand gebring / slagspreuk 'Geen normale sport in 'n abnormale gemeenskap' / Teen die laat 1980's is SA verban uit 90% van wêreldsport
- **Cultural Boycotts:** (Internasionale kunstenaars – slegs nie-segregasie gehore/ Kunstenaars teen Apartheid is in Brittanje gestig deur Dali Tambo en Jerry Dammers / Die *British Actors' Union Equity* het die gebruik van televisieprogramme wat sy lede ingesluit het, verbied/ In 1985 het die VSA se '*Artists United against Apartheid*' geweier om in Suid-Afrika op te tree en het geld vir bevrydingsbewegings ingesamel / Die 1986 *Freedom Festival in Londen* is deur 'n gehoor van 250 000 bygewoon/ musikante het hulle solidariteit met die mense in SA getoon / sprekers van die ANC, SWAPO en die *British Anti-Apartheid* Beweging het die skare toegespreek)
- **Akademiese Boikotte:** (Internasionale geleerdes het geweier om na Suid-Afrika te reis/ Internasionale drukkers het geweier om Suid-Afrikaanse manuskripte te publiseer en om toegang te gee tot informasie/ Internasionale konferensies het Suid-Afrikaanse geleerdes verbied/ Buitelandse instellings het Suid-Afrika akademiese toegang geweier en het geweier om Suid-Afrikaanse grade te erken/ Buitelandse skole het geweier om as eksterne eksaminators op te tree vir tesisse wat by SA universiteite voorgelê is/ *Trinity College* het sy fakulteite verbied om met Suid-Afrikaanse universiteite saam te werk)

- **Verbruikersboikotte:** (Suid Afrika het 'n ekonomiese resessie gedurende die 1980's beleef/ Anti-apartheidsgroepe het die publiek aangemoedig om SA produkte te boikot/ Ierse werkers het geweier om vrugte uit Suid-Afrika te hanteer/ Invoer van natuurlike produkte uit Suid-Afrika – steenkool, yster, staal – is verbied)
- **Desinvestering:** Dit was as gevolg van die Soweto-opstand en die dood van Steve Biko/ Swede was die eerste industriële land wat in SA desinvesteer het/ In die 1980's het buitelandse beleggings met 30% gedaal/ Teen 1980 het Brittanje alreeds van die Simonstad marinewerf (hawe) disinvesteer/ General Motors en Barclays Bank het uit Suid-Afrika onttrek/ In die 1980's het die Suid-Afrikaanse ekonomie gesukkel omdat beleggers die land verlaat het/ Die rand is gedevalueer/ Die uitwerking van die AAM protesaksie het 'n negatiewe effek op die Suid-Afrikaanse regering/ Tussen 1985 en 1990 het meer as 200 Amerikaanse maatskappye uit Suid-Afrika onttrek/ Die Universiteit van Kalifornië het beleggings van meer as drie miljard dollars uit Suid-Afrika onttrek)
- **Sanksies:** (In 1980's het die *Sullivan Principle* (werkers van alle VSA maatskappye moet gelyk behandel word) die basis gevorm vir desinvestering-veldtogte/ Studente-opstande in die 1980's het die onttrekking van VSA handelsmaatskappye aangevuur/ In 1982 het die Verenigde Nasies (VN) apartheid veroordeel en gevra vir sanksies teen SA/ In 1985 het Amerikaanse Bank – *Chase Manhattan* Bank bande met Suid-Afrika verbreek/ Die Johannesburgse Aandelemark (JSE) het vir vier dae gesluit/ Die waarde van die rand het gedaal met 35% van 54 tot 34 sent teenoor die dollar/ In 1985 het die Europese Ekonomiese Gemeenskap nuwe beleggings in SA verban/ In 1986 het die VS Kongres 'n wet aanvaar wat alle nuwe beleggings en lenings in Suid-Afrika verbied het/ Groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, General Motors, Mobil en IBM het hul aktiwiteite in Suid-Afrika gestop/ Die VSA het gedreig om wapen-verkope aan Suid-Afrika te staak/ In 1986 het die Anti-Apartheid Wet van die VSA veroorsaak dat Europa en Japan sanksies teen Suid-Afrika instel/ Internasionale banke het vertroue in Suid-Afrika se ekonomie verloor/ In 1987 het Israel gestem om nie langer hulle bestaande verdedigingskontrakte met SA te verleng nie / In 1988 het een vyfde van Britse en 184 van Amerikaanse maatskappye uit SA onttrek as gevolg van druk van aandeelhouers/ Barclays Bank het sy aandele verkoop as gevolg van druk van die Britse publiek / Die SA ekonomie het aanhou stagneer en het slegs 'n groei van 1.1% getoon)
- **Die rol van Internasionale Vakbonde:** (Die AAM in Europa en Australië/ Liverpool dokwerkers/ Finland se Transport Werkersvereniging stel 'n verbod op handel in met Suid-Afrika/ Die Ierse Kongres van Vakbonde het die apartheidsregime in SA teëgestaan)
- Politieke en finansiële krisis in SA het aangehou/ Westerse nasies het groot druk op SA geplaas om apartheid te beëindig/ Die apartheidsregime het geen keuse gehad as om in alle erns onderhandelings met anti-apartheidsorganisasies te begin
- Die veldtog om Mandela vry te laat
- Die rol van die frontlinie state
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

**[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek hoe geweld wat in verskeie dele van Suid-Afrika gedurende die vroeë 1990's uitgebreek het amper die geboorte van 'n demokratiese bedeling in 1994 ontspoor het.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe geweld wat in 1994 in verskeie dele van Suid-Afrika gedurende die vroeë 1990's uitgebreek het amper die geboorte van 'n demokratiese bedeling in 1994 ontspoor het.

UITBREIDING
- De Klerk kom aan bewind in 1989 (kort agtergrond)
- De Klerk se toespraak in die parlement, 2 Februarie 1990
- Die ontbanning van politieke en gemeenskapsorganisasies soos die ANC en SAKP
- De Klerk se besluit om Mandela uit die tronk vry te laat op 11 Februarie 1990 wat die weg gebaan het vir onderhandelings
- Geweld breek uit in Sebokeng township (Polisie skiet op betogers en maak 14 mense dood)
- Die ANC kanselleer die vergadering wat op 11 April 1990 beplan is met die regering
- Die ANC en Nasionale Party ontmoet in Kaapstad van 2 tot 4 Mei 1990 om die onderhandelingsproses te begin
- Uitdagings van die onderhandelingsproses is bespreek
- Beide die ANC en Nasionale Party het hulself verbind tot vreedsame onderhandelings om 'n demokratiese gemeenskap te bereik
- Hierdie ooreenkoms het bekendgestaan as die Groote Schuur Minuut
- Pretoria Minuut, 6 Augustus 1990 (ANC stem in om die wapenstryd op te skort)
- Die regering beëindig die noodtoestand en laat meer politieke gevangenes vry
- Die Inkathagate skandaal het die regering blootgestel (Regering het Inkatha in die geheim befonds om dade van geweld teen die ANC te pleeg)
- Hulle het gehoop dat hierdie gedragskode sou help om geweld in Suid-Afrika te beëindig
- KODESA 1 (19 politieke party met AZAPO, KP en PAC uitgesluit/ 300 afgevaardigdes)
- Afgevaardigdes het 'n Declaration of Intent (Vreedsame en regverdige onderhandelings en vrye en regverdige verkiesings om 'n demokratiese Suid-Afrika te verkry) onderteken
- KODESA 2 (2 Mei 1992) stort ineen. Partye kon nie saamstem oor 'n nuwe grondwetlike liggaam en tussentydse regering nie
- NP dring aan op minderheid veto terwyl die ANC aandring op 'n tussentydse regering wat nie langer as 18 maande sal dien nie en eenvoudige meerderheidsregering
- Boipatong-slagting en sy gevolge (17 Junie 1992) op die onderhandelingsproses

- ANC stel onderhandelings af nadat hulle die nuus ontvang dat die regering betrokke was in die geweld
- Bhisho-slagting 28 betogers id dood (7 September 1992) - gevolge
- Memorandum van Verstandhouding geteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en uitwerking op Suid-Afrika
- Veelpartyonderhandelingsforum is gestig
- Die St. James-slagting en sy uitwerking (APLA skiet op kerkgangers en 11 is dood en 58 gewond
- Heidelberg Taverne-aanval en sy uitwerking
- Regsgesinde (AWB) aanval op die Wêreldhandelsentrum en gevolge
- Sunset-klousule ingestel deur Joe Slovo het die dooie punt in onderhandelings verbreek
- Shellhouse-slagting (Maart 1994)
- Verkiesingsdatum aangekondig – 27 April 1994
- ANC het die 1994 verkiesing gewen en Nelson Mandela word die eerste swart Suid-Afrikaanse President
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot.

**[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'n NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie gedurende die 1980's bygedra het tot politieke veranderings wat na 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie bygedra het tot politieke veranderings wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

UITBREIDING
- Gorbachev se Perestroika- en Glasnost-hervormings en hulle uitwerking
- Die uitwerking van die disintegrasie van die Sowjetunie op Suid-Afrika teen die einde van 1989
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie langer kommunisme gebruik om sy apartheidsbeleid te regverdig nie
- Die Sowjetunie was nie meer 'n supermoondheid nie en Suid-Afrika het die uitwerking daarvan gevoel
- Kommunisme was nie meer 'n globale bedreiging nie
- Die Weste kon nie langer die Nasionale Party se onderdrukkende beleid ondersteun nie
- Die val van die Sowjetunie het ekonomiese en ideologiese uitdagings vir die ANC gebied
- Die val van die USSR ontneem die ANC van sy hoofbron van politieke en ekonomiese ondersteuning
- Die ANC kon nie meer op die USSR steun vir ekonomiese en militêre ondersteuning nie
- Die ANC moes ook sy ekonomiese sosialistiese beleid heroorweeg
- Gorbachev was ten gunste van 'n vreedsame magsoorname in Suid-Afrika
- Die Nasionale Party se bewering dat dit Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword
- Die Nasionale Party se bewering dat dit Suid-Afrika beskerm van kommunistiese oorname word 'n klug
- Westerse wêreldmoondhede het die verskuiwing dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties oplos ondersteun
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie langer sy wit regering in Suid-Afrika kon volhou nie
- Die val van die Sowjetunie Union het druk geplaas op beide die Nasionale Party en die ANC om met mekaar te onderhandel
- Die Slag van Cuito Cuanavale het die SAW gedwing om uit Angola te onttrek
- Die Suid-Afrikaanse regering het onderhandelings begin met SWAPO wat Namibië in staat gestel het om onafhanklikheid te verkry

- Die Nasionale Party se onderhandelings met kommuniste' in Namibië het dit makliker vir hulle gemaak om met die ANC te onderhandel
- PW Botha het 'n beroerte gekry en is opgevolg deur FW de Klerk
- FW De Klerk het begin aanvaar dat die swart Suid-Afrikaanse stryd teen apartheid nie 'n komplot was gerig uit Moskou nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met samesprekings by die bevrydingsorganisasies betrokke te raak
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ' 'n nuwe en regverdige grondwetlike dispensasie' aangekondig
- Dit dui die einde van apartheid aan en die begin van die proses van onderhandeling
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou